dagstukkies met Ziva

Daagliks by www.tygerberg104fm.co.za/blog

26 FEBRUARIE 2019

Johannes 7:37-38: #Dorstig

"Op die laaste groot dag (Hoshana Rabbah) van die fees, het Yeshua opgestaan en verklaar; "As iemand dors het, laat hom na my toe kom en drink! Elkeen wat in my vertrou, soos die skrif sê: "Riviere van lewende water sal uit sy binneste vloei".

Jesus het vroeg in Sy bediening die aankondiging gemaak, **as iemand dors het laat hom na My toe kom en drink!!** Hierdie was meer as 'n teologiese stelling, dit was 'n hart vol van deernis vir mense. Jesus het onder mense ervaar dat daar baie dooie godsdiens was wat mense neerslagtig gemaak het. Dit moes hulle verkwik maar dit het hulle met hoegenaamd geen lewe agtergelaat nie.

Jesus se aankodiging, **"Ek is jou beker koue water, die verfrissende fontein wat nooit ophou vloei nie. Jy kan van My drink en vind dat jou lewe voortdurend vernuwe word".** Daar is geen kwalifikasies nodig om van hierdie wonderlike putfontein te drink nie. Sy lewende water verkwik soos niks anders nie en dit vernuwe die mees, wanhopige, droewige siel met krag uit die hemel. Sy Gees vul ons so, dat ons oorloop met oorvloedige lewe, genade, barmhartigheid en liefde.

Ja, my vriend, **Sy stroom van lewe verander alles**! Drink vrylik daarvan en laat dit ook uit jou binneste vloei na ander in die naam van Jesus Christus. Amen

In Sy Liefde altyd

Tygerberg 104 FM